

Bly weg van wêreldse waardes



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Psalm 119:11; Efésiërs 6:18; Romeine 8:5, 6; Hebreërs 11:1–6; 1 Koning 3:14; Eségiël 36:26, 27.

Geheeteks:

“Goed bring geen voordeel op die dag van die grimmigheid nie, maar geregtigheid red van die dood . . . Wie op sy rykdom vertrou, dié sal val; maar die regverdiges sal soos blare uitspruit.” (*Spreuke 11:4, 28*).

Alhoewel Satan teen Jesus verloor het, het hy sukses met al die ander behaal. Hy sal aanhou wen as ons nie met behulp van God se wapenrusting en deur Sy krag terugveg nie; net Hy kan ons vrymaak van die aantreklikheid van die wêreld. Ons moet dus op ons hemelse Voorsiener fokus. Dawid het ‘n lewenswaarheid besef toe hy die volgende geskryf het, “Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie” (*Psalm. 34:11*). Salomo het ingesien dat wysheid en verstand meer waardevol as silwer en goud is (*Spreuke 3:13, 14*). Ons ondervind ware geluk en leef reg wanneer ons ons oë op die lewende Christus vestig in plaas van op dit wat ons besit.

Ons enigste hoop om die aantreklikheid van die wêreld te ontvlug, is deur ‘n kragtige en suksesvolle verhouding met Jesus te hê. Hierdie week gaan ons die beginsels van so ‘n verhouding bestudeer, en hoe uiters belangrik dit vir ons eie geestelike sukses is om die krag agter die wêreld se masker te herken en die belangrikheid van Christus as die ware lewensweg, raak te sien.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 27 Januarie.*

‘n Verhouding met Christus

‘n Liefde vir wêreldse besittings, selfs hulle wat nie baie het nie, kan soos baie sterk boei wees wat die siel aan die wêreld in plaas van aan Christus, vasbind. Selfs al het ons nie baie aardse besittings nie, kan die hartstogtelike begeerte om materiële besittings te bekom ‘n verskriklike vloek word wat, indien dit nie onder die beheer van die Here gebring word nie, sal veroorsaak dat ‘n persoon nie gered word nie. Satan weet dit, en dit is hoekom hy dit gebruik om soveel mense as moontlik daardeur te vang. Wat is ons enigste beskerming?

“Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie” (Kolossense 3:2). Hoe kan ons doen wat Paulus hier vir ons sê om te doen? (Sien ook Psalm 119:11 en Efésiërs 6:18.)

Watter ander teksverse kan jy vind oor waarop ons moet fokus? (Lees bv. Filippense 4:8.)

Die enigste geneesmiddel of kuur vir wêreldsheid in watter vorm ook al, is ‘n voortdurende toewyding aan Christus in voor- en teenspoed (*Psalm 34:1, 2*). In Hebreërs 11:26 lees ons: “En [Moses het] die smaad van Christus groter rykdom geag as die skatte van Egipte” Christus moet ons eerste prioriteit bo enige ander verhouding wees. Christus verlang ‘n toewyding wat op oortuiging gebaseer is, nie op voorkeur nie; d.w.s., ons moet aan Christus toegewy wees vir wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het, nie oor enige onmiddellike voordele wat ons geloof in Hom, en toewyding aan Hom, vir ons mag inhou nie. Ons lewens moet deur Jesus oorheers word, en Sy planne moet ons planne wees. Ware toewyding is soos om die hand aan die ploeg te slaan sonder om “‘agtertoe [te] kyk’” (*Lukas 9:62*). Wanneer ons hierdie soort toewyding maak, verhef Jesus ons tot ons volle potensiaal. Wanneer ons alles aan Hom oorgee, sal Hy die wêreld se greep op ons verslap. Ons moet Christusgesentreerd in plaas van dinge-gesentreerd wees; dis al wat die leemte in ons lewens sal vul.

Dink aan ‘n tydstop toe jy ‘n materiële besitting aangeskaf het, iets wat jy baie graag wou hê. Hoe lank het die vreugde en vervulling aangehou voordat dit verdwyn het, en jy terug was waar jy begin het?

In die Woord

Meer as ses biljoen Bybels is al wêreldwyd versprei, maar hoeveel van hulle word as die lewende Woord van God beskou? Hoeveel van die Bybel word met 'n opregte hart wat oop is vir waarheid, gelees? Deeglike Bybelstudie is ons geestelike kompas en stel ons in staat om in 'n wêreld van valsheid en verwarring ons pad te vind. Die Bybel is lewend en kragtig en van goddelike oorsprong (*Hebreërs 4:12*), en op sodanige wyse lei dit ons na waarhede wat ons nêrens anders kan kry nie. Dit is Christus se padkaart vir ons daaglikse lewe, en dit voed ons op deurdat dit ons intellek verbreed en ons karakters verfyn.

Lees *Johannes 5:39, 14:6, and 20:31*. **Die Bybel, en spesifiek die vier Evangelies, gee aan ons die mees gesaghebbende inligting oor Jesus. Wat sê hierdie spesifieke tekste in Johannes oor Hom en hoekom Hy so belangrik vir ons en alles wat ons glo, is?**

Ons bestudeer die Bybel omdat dit die hoogste bron van waarheid is. Jesus is die waarheid, en in die Bybel leer ons Hom deur Sy geopenbaarde Woord ken. Hier, in God se Woord, die Ou en Nuwe Testament, leer ons oor wie Jesus is en wat Hy vir ons gedoen het. Ons raak dan lief vir Hom en wy ons lewens aan Hom toe om ons vir ewig te bewaar. Deur Jesus te volg en Sy Woord te gehoorsaam, word ons van die bande van sonde vrygestel, en van wat die wêreld bied. “As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees” (*Johannes 8:36*).

Lees *Romeine 8:5, 6*. **Waarteen word ons hier gewaarsku, en hoe kan ons, deur God se Woord in die stryd wat in ons gedagtes woed, gehelp word?**

Die liefde van die wêreld, veral die liefde vir wêreldse besittings, kan ons maklik van God af wegdryf as ons nie versigtig is nie. Dit is hoekom ons in Sy Woord moet bly omdat dit aan ons die ewige en geestelike werklikhede wat so uiters belangrik vir ons Christelike ondervinding is, aandui. Liefde vir wêreldse dinge kan nooit die verstand ophef om geestelik moreel te wees nie; dit vervang eerder Bybelse beginsels met gulsigheid, selfsug en begeerlikheid. Liefde, soos in die Bybel geopenbaar, bou verhoudings deur ons die belangrikheid om onself vir andere te gee, te leer, terwyl wêreldsheid oor die aanskaf van dinge vir onself gaan, wat die teenoorgestelde is van alles wat Jesus verteenwoordig.

Die gebedslewe

“En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het” (*Johannes 17:3*). Dis geen wonder nie dat Christene dikwels hulle geloof aan ‘n verhouding met God koppel. Indien om God te ken die “ ‘ewige lewe’ ” verteenwoordig, kan ons dan daardie lewe deur ‘n verhouding met Hom, bekom. En, natuurlik, die kern van daardie verhouding behels kommunikasie. Ons het gister gesien dat God deur Sy Godgegewe Woord met ons kommunikeer. Ons, op ons beurt, kommunikeer deur gebed met Hom. As, soos ons gesien het, ons met ons verstand en hart op hemelse dinge fokus en nie op die dinge van die wêreld nie, is gebed uiters belangrik, want gebed hef ons juis op na ‘n hoër sfeer as die wêreld. Tog moet ons hier ook versigtig wees omdat ons gebede soms net ‘n uitdrukking van ons selfsugtige natuur kan wees. Dis hoekom ons volgens God se wil moet bid. Jare gelede het ‘n vrou die volgende woorde gesing: “O, Heer, sal u nie asseblief vir my ‘n Mercedes-Benz koop nie?” Dit was, op haar manier, ‘n aanval op die materialistiese uitkyk van diegene wat geloof in God bely. Ons moet ook seker maak dat wanneer ons bid, wat opsigself ‘n handeling van onderworpenheid aan God en ‘n afsterwe van wêreldse begeertes is, ons God se wil soek en nie net ons eie nie.

Lees *Hebreërs 11:1–6*. **Wat is die belangrikste bestanddeel wat met ons gebede vermeng moet wees? En, wat beteken dit om na God in geloof te gaan en gelowig te bid?**

Wanneer geloof nie deel is van ons gebede nie, is ons aanmatigend en word dit net soos Satan se nagemaakte geloof. “Gebed en geloof is naby verwant aan mekaar, en moet saam bestudeer word. Die gebed wat gelowig gebid word, is ‘n goddelike wetenskap; dit is ‘n wetenskap wat almal wat suksesvol in hulle lewenswerk wil wees, moet verstaan. Christus sê, ‘Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry’ (*Markus 11:24*). Hy maak dit duidelik dat dit wat ons vra, volgens God se wil moet wees; ons moet vra vir die dinge wat Hy beloof het, en wat ook al ontvang word, moet gebruik word om Sy wil uit te voer. As die voorwaardes nagekom is, is die belofte ontwyfelbaar.” — Ellen G. White, *Prayer*, bl. 57, (*vrye vertaling*).

Dink aan jou eie gebedslewe. Waarvoor bid jy? Wat sê jou gebede oor jou prioriteite? Watter ander dinge moet jy liever voor bid?

‘n Wyse lewenswyse

Een van die mooiste verhale in die Bybel is Salomo se versoek aan God om hom meer as enigiets anders ‘n “opmerksame hart [te gee] om reg te spreek oor u volk, om tussen goed en kwaad te onderskei, want wie sou hierdie talryke volk van U kan regeer?” ” (*I Konings 3:9*).

Watter belangrike woorde het God aan Salomo gesê wat, as hy geluister het, hom die ondergang wat sy besittings oor hom gebring het, sou gespaar het? Hoekom was wat God vir hom gesê het so belangrik vir almal van ons ook? *I Konings 3:14; sien ook I Johannes 5:3 en I Petrus 4:17.*

Salomo het groot wysheid gehad, maar wysheid, indien dit nie toegepas en uitgeleef word nie, is niks meer as net goeie informasie nie. Volgens die Bybel is wysheid wat nie uitgeleef word nie, nie ware wysheid nie. Baie sal verlore gaan wat die korrekte informasie oor God en Sy vereistes gehad het. Maar Salomo se ongehoorsaamheid het veroorsaak dat hy van die paaie van die Here afgedwaal het. Eers later in sy lewe het hy tot sy sinne gekom en nederig geskryf: “Want wysheid is beter as korale, en al die kleinode kan daar nie mee vergelyk word nie” (*Spreuke 8:11*).

Wysheid is die toepassing van kennis en begrip. Kennis verteenwoordig die feite; begrip verteenwoordig insig; en wysheid word dan ‘n proses waardeur begrip en kennis op ons lewens toegepas word. ‘n Wyse rentmeester benodig nie net kennis en begrip nie, maar ook die ondervinding wat in hierdie proses opgedoen word.

Salomo se voorbeeld toon aan ons hoe maklik selfs die wysgerigste persoon en die een met die beste begripsvermoë deur ‘n leë materialistiese lewenstyl weggevoer kan word indien die persoon nie die kennis wat hy of sy ontvang het, uitleef nie.

Vergelyk I Korinthiërs 3:19 en Spreuke 24:13, 14. Wat is die verskil tussen die twee soorde wysheid waarvan daar in hierdie verse gepraat word? Deel jou antwoorde met die klas op Sabbat.

Die Heilige Gees

Daar is werklik 'n groot stryd aan die gang; twee magte wedywer vir ons lojaliteit. Een trek ons nader na Christus (*Johannes 6:44*) en die ander een trek ons nader na wat die wêreld bied (I *Johannes 2:16*). Die mag van die Heilige Gees in ons lewens kan en sal ons in die regte rigting lei indien ons alles aan Hom oorgee. “ ‘Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei ... ’ ” (*Johannes 16:13; sien ook Johannes 14:16*). Die Heilige Gees gee ons krag om beginselvas en gelowig te leef, en om nie volgens ons giere en emosies wat eie is aan die wêreld, te leef nie. Suksesvolle voorbereiding vir die hemel behels om getrou in hierdie wêreld onder leiding van die Heilige Gees te leef. Paulus se raad: “sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God (*I Korintiërs 2:5*). Die aanloklikhede van die wêreld, dikwels in die vorm van materiële besittings, dryf ons van die Here af weg. In teenstelling daarmee sal die krag van die Heilige Gees ons nader na Jesus bring indien ons nie weerstand bied nie.

In die stryd met die wêreld se aanloklikhede sal sukses van buite onself behaal moet word. Lees *Eségiël 36:26, 27; Johannes 14:26; en Efésiërs 3:16, 17*. Wat sal God vir ons doen om te verseker dat ons geestelike oorwinning behaal wanneer ons die Heilige Gees toelaat om van ons besit te neem?

“... Dit is deur valse teorieë en oorleerings dat die Satan die verstand onder sy beheer kry. Deur mense valse standaarde voor te hou, misvorm hy die karakter. Deur die Skrif praat die Heilige Gees tot die verstand en lê Hy die waarheid op die hart. So stel Hy dwaalleer aan die kaak, en verban Hy dit uit die siel. Dit is deur die Gees van die waarheid, wat deur die Woord van God werk, dat Christus Sy uitverkorenes aan Homself onderwerp.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 567.

Die Heilige Gees lei ons in die waarheid en is die grootste gawe wat Jesus, na sy hemelvaart, kon gee om die drie-eenheid op aarde te verteenwoordig. Hy strewende daarna om ons in staat te stel om die sterk aantrekkingskrag van die wêreld se “bekoorkhede” te oorwin.

Die wêreld trek ons almal aan, nie so nie? Watter keuses kan jy nou maak wat jou sal help om ‘n totale oorgawe aan die Heilige Gees te maak wat alleen die mag het om aan jou die oorwinning oor die wêreld se versoekings te gee?

Vir verdere studie:

‘n Rentmeester verrig sy werk met twee beginsels in gedagte, plig en liefde. “Onthou dat plig ‘n tweelingsuster het: liefde; hierdie twee saam kan amper alles vermag, maar wanneer hulle geskei word, is nie een van die twee in staat om iets goeds te doen nie.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 4, bl. 62, (vrye vertaling). Plig is gelyk aan liefde in aksie. Ons sien hoe liefde plig wek wanneer ons aan Christus se offerdood dink. In teenstelling hiermee is die beginsels van die wêreld: haat en sy tweeling, rebellie. Rebellie kan haat in aksie wees. Lucifer het teen God gerebelleer (*Eségiël 28:16, 17*) en sal nooit ophou om dit te doen totdat hy vernietig word nie. Hy het die outoriteit van liefde na liefde vir outoriteit verander. Die godsdienstige leiers van Israel het outoriteit en die mag van Jesus gehaat (*Mattéüs 22:29*). Selfs toe hulle uit die tempel gevlug het, of onttrek het van Sy deurdringende blik, het hulle nie hulle weë verander nie.

Vrae vir bespreking:

1. Dink meer na oor liefde en plig. Wat bedoel Ellen G. White wanneer sy, nadat sy hierdie twee deugde ‘n tweeling noem, sê dat die een sonder die ander nie “in staat is om iets goeds te doen nie”? Hoe lyk liefde sonder plig, en hoe lyk plig sonder liefde? Hoekom moet hierdie twee saam wees?
2. Die geheueteks vir hierdie week sê: “Goed bring geen voordeel op die dag van die grimmigheid nie, maar geregtigheid red van die dood . . . Wie op sy rykdom vertrou, dié sal val; maar die regverdiges sal soos blare uitspruit” (*Spreuke 11:4, 28*). Wat beteken hierdie verset? Wat sê dit oor rykdom en wat sê dit nie?
3. Bespreek die lewe van Salomo in die klas. Vra hoe hy so ver van die pad afgedwaal het. Soek nog verse in die boek van Prediker wat die ydelheid en leegheid van wêreldse besittings openbaar, selfs wanneer ons, net soos Salomo, ook so baie daarvan het. Wat het ons hierdie week oor gebed geleer, oor Bybelstudie, en oor ‘n verhouding met Christus wat ons op die regte geestelike pad sal hou?
4. Hoe kan mense wat nie baie wêreldse besittings het nie nogtans in die strik wat Satan vir hulle span, beland?
5. Met watter antwoord het jy vorendag gekom oor Woensdag se finale vraag oor die verskillende tipes wysheid?